**Die Here vra reg, liefde, trou en bedagsaamheid**

Miga 6:1-8

GOD IS GETROU

Die Here maak **'n saak** teen sy volk, Israel en kla hulle aan (:2). Dit is die tweede keer in hierdie boek dat die beeld van 'n hofsaak gebruik word (1:2). 'n Hofsaak is altyd *iets ernstigs*. God is tergelykertyd die *Aanklaer* en die *Regter.* Die *getuies* wat Hy inroep, is die berge en heuwels. Hulle het deur die jare gesien hoedat Hy en hoedat die volk optree.
Die feit dat God 'n saak teen Israel maak en hulle as't ware voor die hof daag, **beteken nie** dat Hy hulle *verwerp* het en nie meer liefhet nie. Hy spreek hulle nog steeds aan as *"My volk" (:3).* Deur die **verbond** met hul voorvader Abraham het Hy hom aan hulle verbind as hulle God en wat Hom betref, geld dit nog steeds. Hulle is Sy volk en Hy is hulle God. <u>Hy bly getrou</u>, al is hulle ontrou. Dit is hoe God is. *Ook maar goed*, want ons wat vandag die volk van God is, gedra ons ook meermale soos wat hulle hul gedra het. (1 Joh 1:9)

**God begin die saak op 'n vreemde manier**. Hy gee eers die volk kans om HOM aan te kla (lees vers 3). Die **heidense volkere** van die antieke wêreld het baie verhale vertel van hoe gode mense uitgebuit het. Mense is trouens deur die gode gemaak om die *gode se vuilwerk* te doen.

> 'n Legende uit Mesopotamië vertel dat daar aan die begin slegs gode en godinne op aarde was. Hulle moes die lande bewerk om 'n oes te verseker. Dit was harde werk en die gode het gesweet. Elke god en godin het 'n spesifieke taak gehad. Sommige het die lande omgespit, ander het water aangelê na leidamme waar onkruid gereeld uitgetrek moes word. Die werk was moeilik en die gode glad nie gelukkig nie. Hulle praat toe oor wat hulle te doen staan. Die klomp gaan soek toe advies by Enki (die Sumeriese skepper-god), wat vas aan die slaap in sy onderwater-tuiste was. Enki stel toe voor hy maak skepsele met die doel om die gode te dien deur die lande te bewerk. Dan sou die lewensgehalte van die gode en godinne aansienlik verbeter. Natuurlik dink die gode en godinne Enki se plan is uit die boonste rakke. Enki neem toe klei uit die omgewing van sy watertuiste en maak mense daarvan. Hy het lewensasem in die klei figure geblaas, maar die lengte van hulle lewe beperk. Slegs die gode en godinne sou vir ewig lewe. Die mense is sonder omhaal van woorde in die werk gesteek. As dienaars van die gode en godinne moes hulle kos vir die tafel voorsien. Die mense het water uit die riviere aangelê en die droë, lewelose lande natgelei. Hulle het die grond bewerk en gesaai. Met hul harde werk het hulle lewe na die land gebring, en die gode en godinne,

wat lewe vir die mense gegee het, was gelukkig. (Bron: http://www.mesopotamia.co.uk/gods/story/page01.html)

Wanneer die Here vra: *"Waarmee het Ek jou moeg gemaak,"* sinspeel dit op die omliggende, heidense volke se opvatting dat die gode hulle vir hul vuil werk gebruik.

Dan **herinner** Hy hulle aan Sy optrede in hulle geskiedenis: Hy het hulle uit die Egiptiese slawerny *verlos*; vir hulle *bekwame leiers* soos Moses gestuur; die vyande se *planne verydel* en uiteindelik oor die Jordaanrivier die *Beloofde Land* ingelei en in besit laat neem. As Hy **'n mens was**, was Hy teen daardie tyd doodmoeg – en dan kla hulle Hy het HULLE moeg gemaak! (:3)

Die volk het skynbaar ook maar 'n **kort geheue** gehad – soos ons. ("Gawe van vergeet" – ook nodig!) Ons het soms nodig om weer herinner te word aan waar ons vandaan kom, aan God se genadedade in ons verlede – as volk, kerk, familie en individue. 'n Mens is so geneig om dinge later as *vanselfsprekend* te aanvaar. Israel het **onverskillig** begin lewe en daar het 'n **breuk** in hul verhouding met God gekom. Gelukkig het hulle dit nou **besef**. Hulle was *skuldig* aan ondankbaarheid, ontrou, gebrekkige liefde. Hulle was vol sonde.

WAT GOD VRA

**Hulle vraag** was nou: Hoe kan ons die verhouding **herstel**? Ons wil graag na God toe terugkeer en in nederigheid voor Hom gaan kniel, maar wat sal ons **saamvat** om op te maak vir ons sonde? Wat van jaaroud kalwers as offers? Sal Hy tevrede wees met duisende ramme en strome olyfolie? Ander nasies offer onder sulke omstandighede hul eersgeborenes – is DIT dalk wat ons God verwag dat ons ook moet doen om te wys hoe ernstig ons is?!

Gelukkig, voordat hulle so ver kon gaan, kom die **antwoord***: "Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is…"* So asof die Regter wil sê: *"Julle weet goed wat julle te doen staan, dit is tog algemene kennis!"* Hy som dit vir hulle op in **drie punte**. Dit mag vir ons ook algemene kennis wees. Ons het dit al dikwels vanaf hierdie kansel gehoor. Maar het die kennis al by ons 'n **lewenswyse** geword?

<u>Nr Een: "Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied."</u> Wat beteken dit? Om *regverdig* te wees; om jou in 'n *ander se skoene* te verplaas en aan hom/haar te doen soos wat jy aan jou gedoen wil hê; om vir ander *ruimte te gee* en ruimte te gun om vooruit te kom; om *reg op te tree* teenoor ander. Die **teendeel** vind plaas waar daar teen iemand *diskrimineer* word, hy/sy *uitgebui*t word, *gekul* word, *veronreg* word. Hierdie opdrag is so prakties as wat kan kom. Uit die verdere verloop van Miga 6 blyk God se onsteltenis omdat die volk met *vals inhoudsmate* gemeet het, verkeerde *maatlyne* gebruik het, asook onbetroubare *weegskale* met valse gewigte <u>(lees :10-11).</u>

<u>Nr Twee: *"… dat jy liefde en trou sal bewys…"*</u> Die oorspronklike woord wat hier met twee woorde vertaal is, is *hesed.* Ps 100 getuig van God en sê dan: *"…*

*aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag."* (:5) Wanneer God se volk gekenmerk word deur liefde en trou, sal dit wys dat die **appel nie ver** van die boom af geval het nie! Is dit met ons die geval? Kom ons begin by ons **huwelik**: hoe is dit daar met ons liefde en trou teenoor mekaar gesteld? Is dit dan nie wat ons aan mekaar beloof het nie?
Israel was ontrou en het agter **ander gode** aangeloop. Is ons lewe volkome vry van afgodediens? Liefde vir God bo alles beteken tog dat ek **deur dik en dun** aan Hom getrou bly; dat ons sal offer wat Hy vra.
<u>Nr Drie: "… dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God."</u> Om bedagsaam te wees beteken om *ander in ag te neem*; om *bedag* te wees op hulle. Om bedagsaam voor God te lewe kom daarop neer dat jy **leef met God in gedagte**, dat jy Hom in gedagte sal hou. Wanneer ek God altyd in gedagte hou, sal dit 'n bepaalde kwaliteit aan my lewe verleen. Om God in gedagte te hou, beteken om te onthou dat jy aan God verantwoordbaar is. Efes 5: *"Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is."* (:10) God is die **oriëntasiepunt** van jou lewe.
Die **twisgesprek met Israel** word juis daaruit gebore dat Israel van God weggedraai het, *ander oriëntasiepunte* begin soek het. Verder in Miga 6 verwyt die Here die volk dat hulle die opdragte van die **goddelose konings**, soos Agab en Omri, nagevolg het, en nie vir God en sy verwagtinge voor oë gehou het nie (:16).
Op ons besoek aan **Holland** is ons getref deur groot borde langs die pad wat sê: *"Onthou, daar is ook nog 'n God!"* Elke kerk se *toring* wat boontoe wys bring dieselfde boodskap; die *kruise* op baie heuwels in ons land ook: Hou God in gedagte! Sommige mense *dra armbandjies* om hulle daaraan te herinner: ons leef voor die aangesig van God, *coram Deo*. Hierdie besef mag troos, bemoedig, inspireer, kalmeer, vermaan, help met besluite.

SLOTSOM
Ons sien dat al drie hierdie dinge het met <u>verhoudings</u> te make: om *reg* te laat geskied teenoor ander, *liefde en trou* te bewys en te leef met *God in gedagte*. **Verhoudinge is wat vir God belangrik is**. Verhouding met Hom en my naaste. Dit is soos wat Jesus ook die Tien Gebooie opgesom het. God **vra nie in die eerste plek** van ons 'n klomp *geld of goed of rituele* nie. As Hy dit maar gedoen het, dan was dit dalk soms *maklike*r as om reg te doen, lief te hê en getrou te bly! Dis soms makliker om liewer 'n tiende te gee, of gereeld eredienste by te woon as om met iemand anders te gaan vrede maak, as om jouself te verloën. Maar God wil hê dat daar *vrede en harmonie* moet wees.
Is dit nie waarna ons **almal smag** nie? Wil ons nie graag in so 'n omgewing lewe nie? Is dit nie die **tipe omgewing** waarin ons almal kan floreer nie? Wat God dus vra, anders as ons eersgeborene byvoorbeeld, is in ons **almal se beste belang**. Hy het boonop **Sy eersgeborene gegee** sodat ons Sy *kinders* kan wees wat na Hom *aard.* Wanneer ons Hom **altyd in gedagte hou**, sal sy regverdigheid, liefde en trou al meer op ons afgee. Amen.